Sertifikaatstudent wen groot reisbeurs

Op 5-jarige ouderdom het hy vir die eerste keer met sy ouer sussie se kitaar begin speel en vandag is **Brent Krus** die gelukkige wenner van die gesogte FMR & Pick 'n Pay Reisbeurs ter waarde van R20 000.

Brent het in Atlantis grootgeword en het reeds vroeg almal verstom met sy natuurlike aanvoeling vir ritme. Hy het geen formele musiekopleiding ontvang nie en het sy liefde vir musiek in die orkes in sy kerk uitgeleef.

Hy het toevallig by 'n vriend van die Universiteit se Sertifikaatprogram in Musiek gehoor en toe hy in Januarie 2005 by die Konservatorium se deure instap, kon hy nie een noot lees nie. Boonop moes hy daagliks van Atlantis per taxi na Stellenbosch pendel – dus 2 lang ure op die pad.

Dit was juis tydens een van hierdie ritte na Stellenbosch wat hy eendag, geïnspireer deur die mooi natuurskoon, 'n melodie in sy kop gehoor het en *Way to Stellenbosch* gekomponeer het. Hierdie komposisie was een van die werke waarmee Brent onlangs die kompetisie in die Baxter gewen het.

Hy beskou musiek as een van die grootste seëninge in sy lewe. Oor sy leermeester van die afgelope twee jaar, Graham Pringle (dosent in kitaar by die Konservatorium), sê hy: "Ons is baie na aan mekaar; hy speel 'n baie groot rol in my lewe. Dit is vir my 'n eer om by hom les te hê."

Dit was dan ook met Graham se aanmoediging dat Brent in Julie vanjaar ingeskryf het vir die Grahamstown Jazz Festival, waar hy deurgedring het na die finale rondte en tweede geëindig het.

Graham het Brent nie met rus gelaat nie en hom aangemoedig om ook aan die FMR & Pick 'n Pay Reisbeurs-kompetisie deel te neem. Gewapen met 'n baie goeie opname wat deur die Konservatorium se Klankateljee gemaak is, het hy ingeskryf sonder om te veel te verwag.

Tot sy eie verbasing is sy naam aangekondig as die wenner in die jazz-kategorie. Die beurs behels dat hy in 2007 op 'n reis gestuur word na 'n internasionale meesterklas, kompetisie of fees van sy keuse.

Brent Krus

Sy toekomsplanne? Hy wil eers verder fokus op sy studies in die Sertifikaatprogram. Hy doen beide klassieke en jazz kitaar, en voel "ek wil my hart laat verder ryk word aan musiek. Felicia Lesch, koördineerder van die Sertifikaatprogram, is iemand wat glo in haar studente. Sy is 'n wonderlike mens en het my die kans gegee om my droom uit te leef. Ek wil die US Konservatorium op die map sit – ek wil hê mense moet van ons weet en van ons praat."